

[English version: <http://bit.ly/HRBspeeches>]

**Reünie van Matie-studenteiers wat in 1989 in Lusaka met die ANC gaan praat het,
STIAS, 14 Junie 2014, 12:00**

**Opmerkings deur prof H Russel Botman,
Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch**

Dankie, Bev [Witten, Alumni Betrekkinge]. Goeiemiddag, almal, en hartlik welkom.

Laat my toe om 'n paar spesiale gaste uit te sonder:

- adv Thuli Madonsela [die Openbare Beskermer];
- dr Tito Mboweni [voormalige president van die Reserwebank]; en
- mnr Roelf Meyer [voorsitter van die Burgerlikesamelewingsinisiatief].

Dankie dat u vandag by ons aangesluit het. Ek verwelkom ook graag die lede van die media en al ons kollegas en studente. En natuurlik ons eregaste vandag, die 'Lusaka-Maties' ... ook bekend as 'Die Maties wat al die moeilikheid veroorsaak het'. Ná alles wat gebeur het, verskaf dit my groot vreugde om vir julle te kan sê: Welkom tuis!

Julle is destyds bra stief deur die owerhede behandel. Intussen het daar baie water in die see geloop, en dit is vir my 'n riem onder die hart dat julle hier is – nie net om terug te dink nie, maar om ons almal te help dink aan hoe ons die toekoms verder binnegaan.

Welkom ook aan die twee mense wat julle destyds vergesel het, mnr André Zaaiman en mnr Hennie Serfontein. Dankie dat julle almal weer hier saam is.

Dis merkwaardig om te dink dat die gebeure wat ons vandag herdenk so onlangs plaasgevind het. Vyf-en-twintig jaar gelede is nie so lank terug nie ... tog, as 'n mens dink aan die moles wat die Matie-studenteiers se besoek aan Lusaka in 1989 veroorsaak het, is dit baie duidelik dat ons van 'n gans ander tyd praat. Suid-Afrika was destyds 'n gans ander land, en hierdie Universiteit 'n gans ander plek. Jul besoek aan die verbanne ANC en andere het dan ook teen hierdie agtergrond plaasgevind.

Ons weet dit het vir baie omstredenheid gesorg. Die vraag is: Waarom? Waarom sou 'n magtige regering hom enigsins aan hierdie gebeure steur? Is studenteiers dan nie veronderstel om aktief in die samelewing belang te stel nie? En het daar teen daardie tyd nie reeds baie ander safari's na Lusaka en Dakar en Harare plaasgevind om met die ANC te gaan praat nie?

So, waarom die bohaai oor hierdie besoek? Ek dink daar was twee redes: dat julle jonk en van hierdie Universiteit was. As studente het julle die volgende geslag verteenwoordig. So, indien die leiers van môre onafhanklik begin dink het, het dit beteken die ouer garde het hul ystergreep verloor. En as Maties het julle 'n Universiteit verteenwoordig wat deurslaggewend was vir die idee van Afrikaner-nasionalisme. So, indien die kritiese stemme op Stellenbosch luider begin opklink het, sou dit al hoe moeiliker word om die res in toom te hou.

Dís hoekom my voorganger so 'afkerig' van julle 'safari' was ... julle het hierdie Universiteit tot in sy fundamente geskud – en die land ook.

Ons het so 'n bietjie in die argief gaan rondkrap en afgekom op 'n lang memorandum van prof Mike de Vries aan die Ruiterswag, jeugvleuel van die Broederbond. Dis in sy eie handskrif en is gedateer 9 Mei 1989.

Dié jaar is vir hom 'n "laagtepunt", sê hy – en ek haal aan: "Die US begin seerkry ... Idasa [die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika] reël byeenkomste, SPOG [n SR-struktuur genaamd Stellenbosse Politieke Ondersoek- en Gesprek Komitee] reël toere, Nusas demonstreer ... en "die SR verbreek hul vertrouensverhouding met my".

"Quo Vadis, Stellenbosch?" vra hy dan. "Waarheen is jy op pad, my universiteit?"

En dan kom die insiggewende deel – hy lewer 'n pleidooi vir 'n terugkeer na wat hy noem "sekere basiese beskawingswaardes". En wat is hierdie waardes? Sy lys sluit in:

- "die Christelike godsdiens";
- "gesonde gesagsverhoudinge";
- "gedissiplineerde vryheid";
- "'n verantwoordelike sin";
- "pligsgetrouheid"; en
- "eerbied vir die instelling van die huwelik" in teenstelling met "vrye liefde".

Daar is niks verkeerd met hierdie waardes op sigself nie. Maar ek dink waarop studente gereageer het, was die kontras tussen waardes en werklikheid. Aan die een kant het jy 'n establishment gehad wat "rassisme verwerp"; wat homself ten gunste van 'n "inklusiewe oplossing vir Suid-Afrika" uitgespreek het. Maar wat het in werklikheid gebeur? Die meerderheid van die bevolking is stemreg en gelyke toegang tot dienste en geleenthede ontsê ... op grond van hul velkleur.

Dit is wat die woede op kampusse landwyd ontketen het – ook hier op Stellenbosch. En dit was 'n morele woede. Julle ouens wou julle deel doen om te help regmaak wat so ooglopend verkeerd was met Suid-Afrika.

Daarvoor is ons julle groot dank verskuldig – en weereens, nie soseer omdat julle met die ANC gaan praat het nie, maar omdat julle die leiding geneem het om die regte ding te doen, ondanks die prys wat julle daarvoor moes betaal.

Julle was jonk, maar julle het die pad vir ons aangedui. Wat julle as 'bogsnuikers' gedoen het, het die 'volksvaders' duidelik erg gegrief. Luister net 'n bietjie na *Die Burger* se kommentaar destyds via "Dawie se pen": "Amateurs moet uit die politieke arena padgee sodat die ervare, professionele manne sake kan hanteer."

Die feit dat agt van die 18 Lusaka-Maties vrouestudente was, het ongetwyfeld die paternalistiese onderrokke laag laat uithang!

Jul optrede in 1989 was 'n keerpunt vir hierdie Universiteit, nes 16 Junie 'n keerpunt vir die land in die geheel was. Ná jul besoek aan Lusaka sou Stellenbosch nooit weer dieselfde wees nie. Trouens, ons ry in vele opsigte steeds die golwe van verandering wat veroorsaak is deur jul besluit om op te staan en julle stemme te laat opklink; jul besluit om nie net objekte van die werklikheid te wees nie, maar eerder subjekte.

Terloops, Stellenbosch word dikwels uitgebeeld as die destydse 'wieg van apartheid'. Deur die jare was hier egter baie kritiese stemme – en ons erken hulle almal. Byvoorbeeld, ons het ook op 'n petisie in die Mike de Vries-versameling afgekom. Dis opgestel ter ondersteuning van almal se "reg om met enige persoon in gesprek te tree". En dis deur 167 personelede regdeur die US onderteken.

So, die druk vir verandering het stadig maar seker opgelaa, en uiteindelik het hierdie ou instelling ingesien waarvan sy 'jong Turke' gepraat het. In 1999 het jul alma mater uiteindelik "sy aandeel aan die ongeregtigheid van die verlede" erken.

Dit was vervat in 'n belangrike US-beleidsdokument, ons 'Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarná'. Ná omvattende en diepgaande gesprekke het die Universiteit verantwoordelikheid vir die verlede aanvaar – vir sy eie optrede sowel as sy bydrae tot die ongeregtigheid wat in hierdie land gepleeg is.

Dit was 'n verskoning vir apartheid, een wat van tyd tot tyd herhaal behoort te word. Maar die Universiteit het nie daar opgehou nie. Die instelling het hom ook tot "regstelling en ontwikkeling" verbind.

"Regstelling" het spesifiek na toegang verwys. In 1990 het Stellenbosch slegs 762 swart studente gehad. Vandag het ons meer as 9 000, of sowat 'n derde van ons studentekorps. En teen 2018 behoort ons selfs verder te gevorder het.

En wat die verbintenis tot "ontwikkeling" betref, het dit die grondslag vir 'n wetenskap-vir-die-samelewing-benadering by Stellenbosch gelê. Soos ek in my intreerede in 2007 gesê het: Ons moes die skuif van "sukses na beduidendheid" maak.

Ons het dít met die Universiteit se HOOP Projek begin doen. En nou het ons ook ons eie Visie 2030, wat 'n meer inklusiewe, innoverende en toekomsgerigte instelling in die vooruitsig stel.

Ons wil nooit weer 'n universiteit vir net 'n gedeelte van die bevolking wees nie. Ons is nou 'n nasionale bate. Stellenbosch is nie meer 'volksbesit' nie. Ons behoort nou aan almal – die wêreld en die land ... en al sy mense. En julle het ons daardie kopskuif help maak. Dankie! Ons is trots op julle.

Julle het ware denkleierskap getoon en 'n waardevolle nalatenskap vir toekomstige geslagte geskep: Julle het gekies om die lewe krities te ondersoek en om aktiewe en betrokke burgers te wees. Dít is die kenmerke waarmee elke gegradueerde hopelik die US sal verlaat.

Die land het beslis denkleiers vir die toekoms nodig. Ná 20 jaar van demokrasie is baie in Suid-Afrika bereik, maar daar is ook nog baie uitdagings oor ... oues sowel as nuwes. En die enigste manier om 'n verskil te maak is deur krities te dink, betrokke te raak in die samelewing en waagmoedig op te tree ... soos julle het.

Dit geld ook hierdie Universiteit. Ons is dalk in 'n heel ander tydvak, maar dit beteken allermens dat daar nie meer brandpunte op kampus is nie. Daar is byvoorbeeld die vraagstuk van simbole.

Stellenbosch staan lankal nie meer vir DF Malan se 1913-idee van hoër onderwys vir die Afrikanervolk nie. Maar weerspieël ons simbole dié verandering? Wat doen ons om almal hier welkom te laat voel... te laat voel dis ook hulle plek hierdie? Hoe laat ons die mure en geboue en pleine tot almal spreek?

Dis sulke kwessies waaroor ons kritiese denke nodig het. Dit het weer tyd geword om grense oor te steek – al is dit hierdie keer metafoeries. Dit het tyd geword om kloue te oorbrug met waagmoedige gesprekke. Ek sal graag wil hoor wat julle oor al hierdie dinge dink.

So, dankie vir almal se teenwoordigheid hier vandag, en ek sien uit na 'n goeie gesprek.